

Woensdag 15 September

| | |
|------------------------------|--------------------------|
| Skrifgedeelte: Titus 3:12-15 | Fokusgedeelte Titus 3:14 |
|------------------------------|--------------------------|

Gesonde leer en lewe van ons geloof in die Here – afskeidswoorde

Paulus bied grondige pastorale onderrig aan sy protegé en bedieningskollega. Maar eers gee hy die versekering dat die reddende genade van God verskyn het aan alle mense. En hy leer ons om ingetoë, regverdig en vroom te lewe en die rug te draai op goddeloosheid en die begeerlikhede wat 'n lewe sonder Christus – “wêrelds” – kenmerk (Tit. 3:11-12).

Hy skryf nie vanuit “objektief-gedistansieerde onskuld” nie. Nee, hy vereenselwig hom daarmee deur sy gebruik van die eerste persoon voornaamwoord “ons” (3:3, 5, 6). Net soos al die ander, het ons ook vroeër in rebellie met die genadige God geleef. Maar nou moet ons aan wie sy reddende genade verskyn het, vasstaan. Vanuit hierdie wonderbare genade moet ons ons toelê op goeie werke aan beide gelowiges en ongelowiges om 'n aangename geur te wees vir dié wat gered word, asook hulle wat verlore gaan (2 Kor. 2:15-16).

Dit is allermens 'n maklike taak vir elkeen wat dit reg en ywerig doen. Ook Paulus het kollegiale onderskraging nodig gehad. Só nooi/versoek hy Titus om gedurende die winter by hom in Nikópolis aan te doen (vs 12). Intussen, terwyl Titus hom moet toelê op sy pastorale taak om ongerymdhede reg te stel en geskikte voorgangers aan te stel, moet hy onthou daar is ander wat ook in die werk van die Here betrokke is.

Titus verkeer in 'n bevoorregte posisie om medewerkers in hierdie groot maar heerlike taak voort te help (Sena en Apollos, vs 13). Hy moet veral toesien dat hulle alles het wat nodig is. En hy kry 'n goeie geleentheid om elke lidmaat bewus te maak van die individuele en gesamentlike plig-deurvoorreg om medewerkers van God in Christus Jesus te wees (vs 14). Só leef ons die reddende genade waaraan ons deel verkry het, effektief uit. Dit, saam met die suiwer leer, is die wese van 'n lewe onder die heerskappy van Christus.

Sing: Psalm 133-1:1-2

Dr. C Botha (Chris) (Die Kandelaar)